Laerskool Louis Leipoldt

Gr 2 Yskasbrief 8

Kwartaal 1 Week 9: 4 – 8 Maart 2019

Tema: 'n Gesonde lewenswyse

Belangrik:

Ouers word versoek om asb nie voor 13:30 op die stoepe en voor die klasse vir die leerders te wag nie. Dit is steurend vir die leerders sowel as die onderswysers en daar kan nie rustig afgesluit word nie.

Afrikaans

Speltoets: **8 Maart 2019**

Klanke: **bl en br**

Spelwoorde:
bl – blaf, bloed, blou, blêr, blok, bly, blaas, bloes, blom
br – brein, bruin, breek, brak, brei, breed, broek, broer, brief

Sigwoorde: want, word, pappa, hulle, boetie

Leesboek: Bl. 28, 29. 30, 31

Engels

Speltoets: **8 Maart 2019**

Klanke: **u**

Spelwoorde: cut, gun, run, hug, rug

Leesboek: Bl 22, 23, 24, 25

(Leerders MOET elke dag lees!)

Wiskunde

Voltooi huiswerkopdragte.

Oefen die 2 x tafel

Tel van 1 – 150 en terug

Tel in veelvoude van 2, 5 en 10 tot by 100

Dit is belangrik dat u kind elke dag tel.

Die volgende opdragte word die week in die klas voltooi:

- Getalkombinasies van 17, optel en aftrek, tyd, tiene en ene, datahantering, groepies van somme & woordsomme.

Lewensvaardigheid

Gesels tuis oor goeie en slegte gewoontes.

Ons doen Vrydag 8 Maart 2019 kuns in die klas. Leerders hoef niks skool toe te bring hiervoor nie.

Pak asseblief elke dag vir u kind 'n gesonde en gebalanseerde kosblik.

KOPLUISBELEID

Indien luise OF nete op die leerder gevind word, sal ons U onmiddelik in kennis stel om die leerder te kom haal. Die leerder mag nie weer terugkom skool toe, tot die koppie nie skoon is nie, aangesien luise maklik in die klas tussen leerders versprei.

Die onderwyser en ouers sal saam die koppie ondersoek voordat die leerder weer toegelaat word. Dikwels doen ouers baie moeite en gaan baie onkostes aan om hul kinders se koppe te ontluis net om weer geinfekteer te word deur ander kinders wie se koppe nie skoon is nie.

Ons versoek dus dat alle ouers sal saamwerk en toesien dat die koppie luisvry is. Voorkoming is makliker as om die luise te verwyder.

Me A van Rensburg